Vrydag **22 November**
**Skrifgedeelte: Jesaja 49:13-16**
**Fokusgedeelte: Jesaja 49:6b (AFR83)**
**Ek sal jou nie vergeet nie!**

Die volk van die Here is steeds in ballingskap wanneer die Here deur sy profeet die woorde in ons teks bekendmaak. In vers 14 hoor ons iemand praat … Sion sê… Wie was Sion? Die Here verwys hier na Jerusalem wat op daardie stadium steeds vernietig was en deur jakkalse oorgeneem is (Klaagl. 5:18). Sion roep dit uit dat die Here hulle tog net nie moet vergeet nie.

En dan kom die Here weereens in sy groot onbeskryflike genade en wys op twee maniere aan sy volk dat die Here nie kan vergeet nie. In die eerste plek behoort enige regdenkende ma nooit haar kinders te vergeet nie. Dis juis wanneer ons ouers raak dat ons iets van die Here se groot onbeskryflike liefde vir ons begin verstaan. Daardie liefde dat jy met jou lewe jou kinders sal beskerm. Ons hemelse Vader weet dat selfs aardse ouers partykeer hulleself liewer kan hê as hulle kinders. En daarom moet Hy aan die einde van vers 15 beklemtoon dat die HERE, die God van hemel en aarde, ons nie kan vergeet nie. En dan bewys Hy dit op ’n tweede manier.

Al is die stad Jerusalem menslik gesproke vernietig, het die Here hulle naam getatoeëer in sy handpalm. Tatoeëer beteken in vandag se taal dat ’n prentjie permanent op jou vel aangebring is. So wil die Here die volk die sekerheid gee dat die mure van Jerusalem weer herbou sal word. En ons weet dat dit wel gebeur het uit die res van die Ou Testament.

Die Here se genade gee sekerheid aan ons in ons onsekerheid. En die grootste bewys van sekerheid is dat ons Here Jesus leef. En wanneer die Vader na ons kyk, sien Hy sy Seun en sal Hy ons nooit vergeet nie.

*Sing: Psalm 105-1:5*

*Ds. W (Werner) van den Heever (Gobabis, Namibië)*